// DIE SKIETLOOD

219e Uitgawe 20 Oktober 2023

saam met Koersvas 219

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

In die Vorige uitgawe van Die Skietlood is onderneem om met kommentaar op die Kategismus te begin. Intussen het die outeur van die reeks afgekom op 'n Engelse vertaling (1851) van Zacharias Bär ("Bär" is die Duits vir "beer" en die Latyn daarvan is "Ursa" en vandaar "Ursinus") se Latynse[1] kommentaar. Ter wille van verdere agtergrond en hopelik beter begrip van die Kategismus en die denke van een van die hoof-opstellers, gaan ek die volgende paar uitgawes wy aan sy Prolegomena.

Die verwysingsraamwerk van een van die hoofrolspelers met die opstel van die Heidelbergse Kategismus kan daartoe lei dat vraag en antwoord sin maak in die moderne konteks. Baie van wat toe mode-denke was, word vandag as onmoontlik beskou. Die proliferasie van die charismatiese denke sal ook terug gedryf kan word deur die behoudende agtergrond denke van die sestiende-eeuse teoloog.

Die Prolegomena (voorwoord) van Ursinus word in twee gedeel. Die eerste deel van die voorwoord word gewy aan die algemene stand van sake en teologiese motivering, die tweede deel van die voorwoord word toegespits op die Kategismus self.

Die motivering vir die opstel van die Kategismus vir onderrig in skole en kerke is kompleks van aard. Dit kan eerstens gevind word in sekere algemene waarhede en dan spesifiek toegepas word in die eie situasie. In wat volg, gaan 'n opsomming gegee word van sommige van die gedagtes wat deur Ursinus aangebied word.

Tussendeur sal daar by wyse van "**Opmerking**" implikasies vir vandag deur die outeur aangedui word.

Ursinus identifiseer vyf sake wat van belang is by die opstel van 'n algemene voorwoord rakende die leerstukke van die kerk. Hulle is

1. Wat is die doktrine (dogma) van die kerk? Vervolgens sal die woord "teologie" gebruik word in stede van "dogma". Ursinus praat van "*doctrine*". Die leser moet "teologie" in daardie nuanse verstaan in hierdie bespreking van sy Prolegomenas.
2. Wat is die onderafdelings van hierdie teologie en hoe verskil hulle van mekaar?
3. Hoe en waar verskil die kerk se teologie van die sektes en filosofiese benaderings en waarom moet die onderskeid behou word?
4. Wat is die bewyse vir die sekerheid en waarheid opgesluit in die kerk se teologie?
5. Wat is die verskillende metodes wat gebruik word om hierdie doktrine te leer en oor te dra?

Hierdie vyf vrae moet as eerste saak beantwoord word om die plek en belang van enige leerstuk aan te dui en die belang van die kategismus bo twyfel te

[1] THE COMMENTARY OF DR. ZACHARAIAS URSINUS ON THE HEIDELBERG CATECHISM TRANSLATED FROM THE ORIGINAL LATIN BY REV. G. W. WILLIARD, A.M.

stel. Hier volg Ursinus se antwoorde op die vrae:

**1. WAT IS DIE DOKTRINE (TEOLOGIE) VAN DIE KERK?**

Volgens Zacharias Bär is kan die leerinhoud (teologie) van die kerk as volg opgesom word; dit is die totale en suiwer leer aangaande die Wet en die Evangelie betreffende die ware God. Dit sluit in Sy wil, Sy werke en ons aanbidding van Hom. Hierdie kennis is goddelik geopenbaar en begrip-vol oorgedra deur die profete en apostels. Dit is bevestig deur baie wonderwerke en goddelike getuienisse. Deur hierdie kennis werk die Heilige Gees effektief in die uitverkorenes se harte en versamel sodoende die ewige kerk uit die hele mensdom. In hierdie kerk word God verheerlik in hierdie bedeling en die volgende ioon.

**Opmerking**: Die Bybel as die uitsluitlike bron van openbaring word veronderstel. Die benadering van die teoloog is met ander woorde eerstens een van gehoorsaamheid.

Die ware kerk word gekenmerk deur die verkondiging van die ware Evangelie in sy volle omvang. Deur getrou te bly aan hierdie Evangelie kan die kerk duidelik van die wêreld onderskei word; inteendeel dit is God se opdrag om nie soos die wêreld te wees nie.

1. Dit is eerstens God se wil dat die kerk van die wêreld te onderskei is omdat dit tot God se eer sal bestaan sodat ons nie in ons denke God vermeng met afgode en dwaling nie. Die kerk kan nie kinders van die duiwels huisves nie.

**Opmerking**: In die wêreld maar nie van die wêreld nie, beteken die kerk se enigste fokus moet gehoorsaamheid aan God wees.

2. In die tweede plek moet die kerk van die wêreld onderskei word sodat God se kinders 'n veilige tuiste het en nie in verwarring gebring kan word nie. Die troos en saligheid wat gevind kan word in die kerk bestaan ook daaruit dat die kinders van die Here - wyd verspreid in die wêreld - weet waar hulle 'n veilige vesting sal kry. In die kerk kom die familie, die uitverkore kinders van God, byeen. Ons moet onthou dat daar nie saligheid buite die kerk is nie. Die drie kenmerke wat die ware kerk van die sektes onderskei, is die handhawing van suiwer leer, die regte gebruik van die sakramente en die gehoorsaamheid aan hierdie leer in geloof en dade. Nou weet ons wat die kerk is.

**Opmerking**: Gelowiges moet die kerk en die teologie van die kerk ervaar as veilige hawe. Pogings om die filosofie of ideologie van die dag na te praat, maak dat die kerk wantrou kan word. Die politieke bedeling van die dag, die liberale tendens van die mode-giere, of enige ander menslike toevalligheid, het nie plek in die denke van die kerk nie.
Dit is opmerklik dat wat vandag die tug genoem word en as derde kenmerk van die ware kerk aangedui word, positief deur Ursinus geformuleer word as gehoorsaamheid in geloof en dade.

**2. WAT IS DIE DELE VAN DIE TEOLOGIE VAN DIE KERK EN HOE VERSKIL HULLE VAN MEKAAR?**

Wat is die suiwer leer wat deur hierdie kerk gehandhaaf moet word? Die teologie van die kerk kan in twee deel. Die een is die Wet en die ander is die Evangelie. Teen die agtergrond van Wet en

Evangelie kan ons die geheel in terme van inhoud en substansie van die Skrif verstaan. Die Wet staan ook bekend as die Dekaloog en die Evangelie vertel van Jesus Christus die middelaar wat vrye vergifnis gee deur geloof heen.

Ursinus verklaar vervolgens dat die tweedeling van die leer van die kerk deur sekere sterk argumente onderskryf word.

1) Die leer wat in die Skrif opgeneem is handel oor die aard, wil, en werk van die Heilige God, of die sonde wat die werk van mens en duiwel is. Ons lees daarvan in die Ou- en die Nuwe Testament.

2) Christus self tref die onderskeid wanneer Hy in Lukas 24:46-47 stel: "*Verder sê Hy vir hulle: “So staan daar geskrywe: ‘Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder*." Wet en Evangelie word in hierdie sin opgesom.

3) Die geskrifte van die profete en die apostels vertel van die verbond wat daar tussen God en mens is. Die beginsel-sake van die verbond word in die geskrifte uiteengesit. God se beloftes en Sy gawes aan ons (soos vergifnis, geregtigheid en ewige lewe) vereis geloof en getrouheid. Dit is niks anders nie as Wet en Evangelie.

4) Christus is die inhoud en fondasie van die Ou- en Nuwe Testament. Dit is die leerstukke opgesluit in die Wet en die Evangelie wat ons na Christus en die voordele van geloof in Hom lei. Die Wet is immers tugroede na Christus. Christus wys vir ons die geregtigheid opgesluit in Sy offer. Sy werk as Priester, Profeet en Koning word in die Evangelie meegedeel. So vind ons dat Wet en Evangelie in harmonie saamkom in die Here Jesus Christus. Dit is die (teologie) doktrine vanuit die hemele geopenbaar, en dit lei tot ons redding.

**Opmerking**: Die harmonie tussen Wet en Evangelie soos deur Ursinus veronderstel, val op/ In moderne denke is daar 'n neiging om 'n sterk kontras tussen die twee te poneer.

So werk Wet en Evangelie langs mekaar. Wet en Evangelie verskil ook op drie maniere van mekaar.

1) Elk het 'n eiesoortige karakter en aanslag. Die Wet skryf voor en dring aan op dit wat gedoen moet word, verbied dit wat vermy moet word. Die Evangelie kondig die vrye vergifnis van sonde aan, verlossing om Christus wil.

2) Die Wet en die Evangelie verskil van mekaar in terme van die aard van hulle openbaring. Die Wet word in die natuur gesien en die Evangelie is suiwer Goddelike openbaring.

3) Die Wet en die Evangelie verskil van mekaar in die aard van die belofte wat aan die mens gemaak word. Die Wet belowe lewe op voorwaarde dat die mens perfek gehoorsaam is daaraan, die Evangelie belowe lewe op voorwaarde van geloof In Christus en die gevolglike, gepaardgaande gehoorsaamheid wat volg op hierdie geloof.

**Opmerking**: Die verskille tussen Wet en Evangelie word aangedui, terwyl die groter harmonie steeds bevestig word. Eintlik dien die verskille die harmonie. Die Wet moet weer sy regmatige plek in die moderne teologiese denke vind. Die charismatiese beweging se oordrewe klem op die werk van die Heilige Gees staan nie in lyn met Ursinus se klem op Wet en Christus nie.

**3. HOE EN WAAR VERSKIL DIE KERK SE TEOLOGIE VAN DIE SEKTES EN FILOSOFIESE BENADERINGS EN WAAROM MOET DIE ONDERSKEID BEHOU WORD?**

Die Teologie van die Kerk verskil op vier maniere van alle ander godsdienste.

1. Die teologie van die kerk het God as outeur, wat dit deur die profete en apostels aan ons oorgelewer het. Sektes en ander godsdienste se dogmas is op suggestie van die duiwel deur mense uitgedink.
2. Die teologie van die kerk word deur Goddelike getuienis ondersteun en is genoegsaam om enige gewete te stil en enige sekte te veroordeel.
3. Dit is net in die teologie van die kerk waar die Wet in totaliteit en sonder enige korrupsie of vervorming behou word. In ander godsdienste en sektes word die Wet vereng, gekorrupteer, geminimaliseer of verdraai. Die totaliteit van die eerste tafel word deur ander godsdienste ignoreer. Die tweede tafel word selektief en oppervlakkig toegepas sonder om die geestelike diepte van die Wet in ag te neem.
4. Dit is net in die ware kerk se teologie wat die volle diepgang van die Evangelie van Christus verkondig en verstaan word. Sektes en ander godsdienste het hulle eie valse, gedistilleerde weergawe wat hulle aanhang. Hierdie sektariese skeeftrek is aanduibaar by die pous-aanhangers, die Arianiste, die Anabaptiste en alle ander ketters. Gelowiges moet die teologie van die sekte vermy.

**Opmerking**: 'n Prominente en sterk teenstelling tussen suiwer teologie en sektariese denke is van groot belang. Dit is veral die sektariese misplaaste kennis op sogenaamde "geen dogmas" wat gevaarlik is. Dit is beter om jou teologiese denke uit te spel, as om in dwaasheid nie raak te sien dat jy dogmatiese denke handhaaf nie. Sektes is ook geneig om van sake op die periferie kernsake te maak.

Filosofie aan die ander kant kan voordelig wees om te ondersoek. Ware filosofie word nie in teenkanting met kerk en geloof bedryf nie en bevat tog 'n kern van waarheid, 'n sonstraal van Goddelike openbaring wat uitgepluis kan word in sistematiese denke.

Filosofie en die kerk se teologie verskil tog van mekaar en dit is nodig om die verskille uit te wys.

1. Die twee se beginsels verskil van mekaar. Filosofie is gebaseer en gebou op beginsels wat in die natuur afgelei kan word. Die teologie van die kerk is in beginsel gebou op die Evangelie wat deur God van buite aan die mens openbaar is.
2. Die onderwerpmateriaal verskil. Die teologie van die kerk verstaan al die implikasies van Wet en Evangelie. Filosofie ken glad nie die Evangelie nie en ignoreer die belangrikste aspekte van die Wet. Daarmee saam verduidelik filosofie op gebrekkige manier daardie aspekte van die Wet wat opgeneem word in die verstaan van die mens se gemeenskap verpligtinge. Filosofie fokus ook op wetenskap en kuns. Hierdie fokus van filosofie kan nuttig ingespan word. Logika, natuurwette en wiskunde kan tog in die kerklike gemeenskap verstaan en gebruik word.
3. Teologie en filosofie het nie dieselfde effek nie. Slegs teologie kan die ellende van die menslike bestaan terugspoor na die ware oorsprong, te wete die eerste

mens se ongehoorsaamheid in die Paradys. Daarmee saam kan teologie die mens se gewete vrede gee deur heen te wys op vergifnis en lewe in Christus. Filosofie is onkundig ten opsigte van die oorsaak van ons smart en is nie by magte om vrede of troos te gee aan die onstuimige menslike hart nie. Daar is sake wat in beide teologie en filosofie beklemtoon word. Dit is sake soos die leer aangaande die voorsienigheid van God, die noodsaak van die wet gehoorsaam, die belang van 'n goeie gewete, die uitnemendheid van deugsaamheid en vele meer. Die groter en meer kosbare troos wat die mens in sy wese voed en versorg is eie aan die teologie van die kerk; dit is net daar waar geleer word van vergifnis van sonde, die oorwinning oor sonde en dood en die genade van God.

**Opmerking**: Ursinus het nie die blatante aggressie en haat van die moderne filosowe belewe nie. Al is dit waar dat daar sekere dissiplines binne die filosofie is wat goed aangewend kan word, moet ons die gaping tussen moderne filosofie en teologie beklemtoon. Daarmee saam is dit vandag steeds van groot belang om die filosofie te bemeester om so te verseker dat die teoloog nie in 'n filosofiese dwaling verval nie.

Hierdie onderskeid tussen die teologie van die kerk aan die een kant en die filosofie en die dwalinge van die sektes moet behou word.

1. Op die manier kom al die eer God toe. Ons moet inderdaad die volheid van die openbaring aan Hom toeskryf om so te bely dat dit uit Hom en uit Sy vrye keuse is dat ons die openbaring ontvang het. Menslike uitdinksels staan ver verwyderd van God se genadige self-openbaring. Deur alle eer aan God te gee en net op die openbaring te fokus, maak ons seker dat die waarheid en die leuen nie met mekaar vermeng word nie.
2. Op die manier bedreig ons nie ons saligheid nie; iets wat kan gebeur indien ons filosofie of 'n sekte se denke stel bo God se openbaring.
3. Ons geloof en innerlike vrede word versterk deur die voortreffende aard van die kerk se teologie raak te sien. Die Bybel gee groot sekerheid en die kerk se teologie is suiwer op die Bybel gebou.
4. Die onderskeid tussen kerklike teologie en ander verseker ook dat gelowiges nie deur akademici of wysgere op dwaling-sleeptou geneem word nie.

In die volgende uitgawe gaan ons voort met die algemene Prolegomena.